
MT 3:13-17 : DIE DRIE-ENIGHEID VAN GOD [2]

E217

Die vroeë kerk is van alle kante gekonfronteer met die veelgodendom van destyds. Die gevolg was dat hulle in hulle verkondiging die klem swaar laat val het op die enigheid van God – op die feit dat die God wat Homself in Jesus Christus geopenbaar het, die enigste, lewende en ware God is. Dit beteken nie dat hulle onbewus was van die drie-heid van God nie; intendeel. Soos ons weldra sal sien, was dit onmoontlik.

Wat wel waar is, is dat hulle nog nie die leerstuk van God se drie-enigheid kon verwoord nie. Daarmee sou nog lank geworstel word.

Miskien het die bedreiging van Gnostisisme en die latere Arianisme, dwaalleringe wat die drie-enigheid van God ontken het, meer as enigiets anders die kerk gedwing om diep daarvoor na te dink. Die twee kerkvaders wat die grootste rol gespeel het in die ontwikkeling van die leerstuk, was die twee Noord-Afrikane, Tertulianus en Origenes, wat in die laat 2de eeu en begin 3de eeu geleef het. Uiteindelik is die leerstuk – soos ons dit vandag nog verstaan – deur die Konsilies van Nicea (325) en Konstantinopel (381) geformuleer. Vanaf Nicea tot 8 jaar voor Konstantinopel, toe hy oorlede is, het Atanasius, biskop van Alexandrië, 'n heroïese rol gespeel om te verhoed dat die kerk deur die kettery van Arianisme verswelg word.

DIE NUWE TESTAMENT

□ Lees mens die Nuwe Testament, vind jy die verrassende feit dat die drie-enigheid van God orals voorveronderstel word. Daar is geen poging om dit te verduidelik nie; dit word eenvoudig aangeneem, asof

niemand ooit daarvoor onseker was nie (vgl. Mt 28:19; Mk 1:9-11; Jh 14:16-26; 15:26; 16:5-15; 1Kor 12:3-6; 2Kor 13:14; Ef 1:3-14; 2:18; 4:4-6; Gl 4:4-6; Rm 8:1-11; 2Ts 2:13-14; Tit 3:4-6; 1Pt 1:2; Jud 20-21; Op 1:4). *Hoe moet ons dit verstaan dat die Ou Testament as 't ware geskryf is voordat die drie-enigheid van God geopenbaar is, en die Nuwe Testament oënskynlik daarna?*

- Soos gesien, is dit wel waar dat die vroeë kerk in die eerste eeue baie geworstel het om die waarheid oor God Drie-enig onder woorde te bring. Maar dit het gegaan oor 'n gesofistikeerde formulering daarvan. Enige eerlike leser van die Nuwe Testament sal egter weet dat die apostels geen twyfel in hulle gemoedere gehad het oor die feit van God se drie-enigheid nie.

□ Die Nuwe Testamentiese openbaring oor God se drie-enigheid word nie soseer in woorde aan ons deurgegee nie, maar in handele. Die drie-eenheid word geopenbaar as God die Seun mens word en onder ons kom woon; en as God die Heilige Gees op die Pinksterdag uitgestort word. Hiervoor is die Ou Testament 'n voorbereiding en die Nuwe Testament die resultaat. Van die begin af het God Homself per slot van rekening tot 'n baie groot mate in dae aan die mens geopenbaar – dus in die vloebedding van die geskiedenis.

Wat die drie-eenheid van God betref, kom dit dus eers werklik na vore as die verlossingsplan sy klimaks bereik. Trouens, die kulminering van die verlossingsplan is op sigself die finale openbaring van God se drie-eenheid.

□ Die Nuwe Testamentiese gelowiges het die openbaring oor God se drie-enigheid verstaan, omdat hulle die evangelie verstaan het. Hulle het verstaan dat God die Vader hulle só liefhet dat Hy Sy eie en innig-geliefde Seun gestuur het om hulle te verlos. Hulle het verstaan dat hierdie Seun waarlik God moes wees om hulle verlossing te bewerkstellig. Hulle het verstaan dat die Heilige Gees, wat volgens

die Here Jesus se beloftes op die Pinksterdag na hulle toe gekom het, deur die Vader en die Seun na hulle toe gestuur is. Hulle het verstaan dat Hy 'n afsonderlike Persoon is, en dat dit wat Hy in hulle tot stand gebring het in geen opsig deur iemand minder as God gedoen kon word nie.

□ Die basiese Nuwe Testamentiese openbaring van en bewys vir die drie-enigheid van God kom dus in die groot verlossingshandele van God – in feite, eerder as in woorde - tot uitdrukking. Jesus Christus en die Heilige Gees is die Nuwe Testamentiese bewys van God se drie-eenheid.

Ja, daar is baie sinspelings op die drie-eenheid van God, maar die éintlike bewys daarvan lê in die goddelikheid van die Here Jesus Christus en van die Heilige Gees. Só eenvoudig is dit: *As die Nuwe Testamentiese Jesus waarlik die Seun van God is, en God die Seun; en as die Heilige Gees waarlik die Gees van God is, en God die Gees – dan is die drie-enigheid van God 'n feit. Indien nie, is daar nie soiets soos 'n drie-enige God nie.*

WAT SÊ DIT VIR ONS?

□ As eerste praktiese toepassing het ons laas vinnig aandag gegee aan die aanbiddingsimplikasies van hierdie waarheid. Nou gee ons nog 'n tree of twee vorentoe.

1. Laat ons reg bid tot die drie-enige God.

Dikwels wonder mense, as God dan drie-enig is, tot watter een van die drie Persone ons dan moet bid.

In die eerste instansie dít: God is één. Daarom sal baie van ons gebede tot die Enige God gerig word – al drie Persone van die Drie-eenheid gesamentlik. Ons sal dus dikwels só begin bid: "Here, ons driemaal heilige en drie-enige God ...", of iets soortgelyks.

Voorts sal ons as 'n reël tot die *Vader* bid – op grond van Christus se middelaarskap, en volgens die Heilige Gees se leiding. Só lei die Woord ons; so leer die Here Jesus ons in die *Ons Vader*-gebed. Vir Hóm

sal ons dankie sê vir die gawe van die ewige lewe en vir die versorging wat ons elke dag geniet. Voor Hom sal ons ons verlangens en versoeke lê. Vir Hom sal ons vra om Sy Seun deur die werk van die Heilige Gees hier op aarde te verheerlik. Tot Hom sal ons bid om die koms van die koninkryk, die opbou van die kerk, om die bekering van mense, om herlewing.

Dit beteken egter nie dat ons nie tot die Seun en die Gees mag bid nie. Beide is immers waarlik God.

Die Seun is ons groot *Priester* wat gedank moet word vir Sy afgehandelde middelaarswerk, en wat vereer en vertrou moet word vir Sy voortgaande voorspraak by die Vader. Hy is ons groot *Koning*, wat in 'n posisie van uitvoerende volmag aan die regterhand van die Vader sit. Hy is dus die Een wat deur die Heilige Gees die koninkryk triomfantelik laat kom. En Hy is ons groot *Profeet* wat ons roep en rig om Sy waarheid oral uit te dra. As dit in jou gebed oor hierdie dinge gaan, kan dit sekerlik nie buite orde wees om ook tot Hom te bid nie.

Wat gebed tot die Heilige Gees betref, is daar nie eintlik getuigenis in die Skrif dat mense tot die Gees gebid het nie. Tog sou dit sekerlik nie verkeerd wees om Hom te vra om jou te verlig en te lei en te bekragtig nie. Daar is per slot van rekening so iets soos gemeenskap met die Heilige Gees (2Kor 13:13). Maar, laat ons onthou, Hy is by wyse van spreke die *skaam* Persoon van die Drie-eenheid. En Sy hartstog is om die Seun te verheerlik. En wat Hy in ons lewens doen, is niks anders nie as uitvoering van Jesus Christus se wil as ons Groot Profeet, Priester en Koning.

Uiteindelik moet ons dít as riglyn gebruik: ons gebede moet ég en intelligent en Skriftuurlik wees. En volgens die Skrif het elkeen van die drie Persone van die Drie-eenheid bepaalde funksies. Laat dit jou lei as jy besin oor tot Wie 'n bepaalde bedede gerig moet word, en tot wie dit onvanpas is om dit te rig.

Maar normaalweg sal ons tot die Vader bid.

2. God is 'n God wat innige vreugde het in onderlinge gemeenskap en samewerking.

□ Die onderlinge liefdesgemeenskap tussen die Vader, die Seun en die Heilige Gees, tref ons orals in die Bybel aan. Meer as een keer verklaar die Vader Sy liefde vir die Seun vanuit die hemel. Tydens Christus se doop: "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My" (Lk 3:22). En weereens op die berg van verheerliking: "Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug. Luister na Hom" (Mt 17:5).

En was die ingesteldheid om die Vader te gehoorsaam, behaag en verheerlik nie die Seun se sentrale hartstog tydens Sy vernedering nie?

En wat wil die Gees anders doen as om die Seun te verheerlik (Jh 16:14-15)?

En dan natuurlik – heerlike, heerlike waarheid! – gemeenskap met die drie-enige God is óns heel hoogste en ewige voorreg en roeping (Jh 17:3). En hierdie vreugde geniet ons, omdat Hý dit so wil hê.

□ Het die Vader, die Seun en die Gees nie voor die grondlegging van die aarde reeds besluit om Hulleself te verheerlik in die redding van uitverkorenes vanuit 'n gevalle menslike ras nie? Het Hulle nie elkeen se rol in die verlossingsverbond onveranderlik en vir ewig vasgelê nie? Het hulle nie besluit om saam te werk nie? En dan, natuurlik, is die Bybel boordevol van hoe God die mens medewerkend betrek by die uitwerk van Sy raadsplan hier op aarde. Kom ons wees eerlik, sonder ons gesukkel sou die Here die evangelisering van die wêreld moeiteloos met die klap van Sy vingers kon bewerkstellig het. Maar, nee, ons móés betrokke wees! En hoewel ons niks sonder Sy genade en krag kan regkry nie, speel ons 'n baie prominente rol in die inbring van die uitverkorenes. Tot so 'n mate is dit wáár, dat die koms van die koninkryk beswaarlik 'n duim vorder as die kerk ontrou raak aan sy roeping. Hoe verklaar mens die kerkgeskiedenis anders? Waarom gebeur daar amper niks tydens die middeleeue nie? Ja, sekerlik was daar bekerings, maar mens kan eweneens sê dat dit 'n duisend jaar van vrugtelose doodsheid was. Daar is net een verklaring: die soewereine en lewende God het 'n vreugde in ons gemeenskap en

samewerking, en sonder ons wil Hy niks hier op aarde doen nie.

3. Laat ons intens dankbaar wees oor God se drie-enigheid.

□ Die drie-enigheid van God het dit moontlik gemaak dat, terwyl die Vader steeds die soewereine en regerende God in die hemel gebly het, die Seun mens kon word om onder ons te woon. Wat sou van ons geword het as Hy nie as groot Profeet, Priester en Koning na hierdie wêreld toe gekom het nie?

As groot Profeet het Hy die essensie van wie en wat God is aan Ons kom openbaar: vol genade en waarheid, vol ontfermingsbarmhartigheid en verbondstrou (Jh 1:14).

As groot Priester het Hy Sy lewe as strafdraende Plaasvervanger vir ons kom aflê (Rm 3:25), waarsonder ons so hopeloos verlore sou gewees het soos die gevalle engele. En as Priester tree Hy by die Vader in vir die onuitspreeklik begenadigde mense wat aan Hom toevertrou is (Rm 8:34; Hb 7:25; 9:24).

As Koning sal Hy tot in ewigheid in geregtigheid oor ons regeer.

□ Omdat God drie-enig is, kon die Heilige Gees deur die Vader en die Seun na ons toe gestuur word. En wat sou ons sonder Hóm gewees het – sonder Sy wederbarende, verliggende, versekerende, heiligmakende en toerustende werk? En sonder Hom sou dit algeheel onmoontlik vir ons gewees het om ons geliefde Verlosser te dien, behaag en verheerlik.

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.
* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500;
E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 044 6966526; 082 8489396.
* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906